4 Oktober 2020 (God roep vir Jona – Jona 1)

**Seën**

Genade en Vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus onse Heer, deur die werking van die Heilige Gees.

**Oomblik van Stilte**

**Skriflesing**

| | |
|---|---|
| 1 | Die woord van die Here het tot Jona seun van Amittai gekom: |
| 2 | "Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is." |
| 3 | Maar Jona het klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af. Jona is af Joppe toe, en daar het hy 'n skip gekry wat op vertrek was Tarsis toe. Hy het vir die reis betaal en aan boord gegaan om saam met die bemanning Tarsis toe te gaan, weg van die Here af. |
| 4 | Maar die Here het 'n kwaai storm oor die see laat opkom. Daar was 'n baie sterk wind op die see, en die skip wou uitmekaar breek. |
| 5 | Die matrose het bang geword, en elkeen het tot sy god om hulp geroep. Hulle het die vrag van die skip in die see gegooi om die skip ligter te maak. Maar Jona was onder in die skip waarheen hy afgegaan het om te gaan slaap. Hy het vas geslaap |
| 6 | en die kaptein het na hom toe gegaan en vir hom gesê: "Wat is dit met jou dat jy lê en slaap? Staan op en bid tot jou god. Miskien sal hy aan ons dink en dan sal ons nie vergaan nie." |
| 7 | Toe sê die manne vir mekaar: "Kom ons trek lootjies sodat ons kan uitvind oor wie hierdie ramp ons tref." Hulle het lootjies getrek en Jona is aangewys. |
| 8 | Toe vra hulle hom: "Vertel ons tog waarom hierdie ramp ons tref. Wat werk jy? Waarvandaan kom jy? Uit watter land en van watter volk is jy?" |
| 9 | Jona het hulle geantwoord: "Ek is 'n Hebreër. Ek dien die Here die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het." |

| | |
|---|---|
| 10 | Die manne het baie bang geword en vir Jona gesê: "Wat het jy nou aangevang?" Hulle het te wete gekom dat hy van die Here af wegvlug: Jona het hulle dit self vertel. |
| 11 | Toe vra hulle hom: "Wat moet ons met jou maak dat die see weer rondom ons kan kalm word?" Die see het ondertussen al hoe onstuimiger geword. |
| 12 | Jona het hulle geantwoord: "Vat my en gooi my in die see, dan sal dit kalm word rondom julle, want ek weet dit is oor my dat hierdie groot storm rondom julle woed." |
| 13 | Die manne het hard geroei om weer die vasteland te bereik, maar hulle kon nie, want die see het al hoe onstuimiger geword rondom hulle. |
| 14 | Toe bid hulle tot die Here en sê: "Ag, Here, moet ons tog nie laat vergaan oor hierdie man nie. Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie. U is die Here, U doen wat U wil." |
| 15 | Hulle vat toe vir Jona en gooi hom in die see. Die storm op die see het toe bedaar. |
| 16 | Die manne het toe baie bang geword vir die Here en hulle het vir Hom 'n offer gebring en geloftes afgelê. |
| 17 | Toe stuur die Here 'n groot vis om vir Jona in te sluk, en hy was drie dae en nagte in die vis se maag. |

**Prediking**

Die agtergrond: Jona se naam beteken duif en hy tree in die agste eeu voor Christus in Israel op.

Ons lees in 2 Konings 14:25 van die profeet Jona seun van Amittai wat uit Gat-Gefer kom. Hierdie dorpie was so sewe km weg van Nasaret, die dorp waar Jesus grootgeword het.

God roep vir Jona om na die groot stad Nineve te gaan as Sy profeet, want lees ons, God het die onreg, die sleg in hierdie stad raakgesien en wou dit aanspreek. Nineve was die hoofstad van Assirië, die sterkste wêreldmoondheid van daardie tyd.

Die mense van Nineve en van Assirië in die algemeen was bekend vir die wreedheid waarmee hulle vyande hanteer het.

Lees maar bietjie hoe die profeet Nahum praat oor hierdie stad wat hy bloedstad noem. Hulle het hul vyande in die lug opgehys op skerpgemaakte pale wat hulle in jou indruk. Alles om hierdie kultuur van mag en vrees te skep.

Hulle het mense lewendig afgeslag en in hokke laat bly soos diere.

- Wreedheid, skryf iemand was hierdie mense se badge of honour.

Die Assiriërs wat agressief oor die wêreld van daardie tyd uitgebrei het, se oog was ook op Israel in daardie tyd. **Die twee nasies was inderdaad aardsvyande.**

Jona het toe gegaan, maar nie na die stad wat die Here hom heen gestuur het nie.

Hy kies Tarsis. Nou Tarsis was hierdie eksotiese stad. Ons lees in Salomo se tyd dat die skepe van Tarsis onder andere goud, silwer en ivoor vervoer het

Nineve is so ongeveer 800 km oos van waar Jona is.

Tarsis is in Spanje wat so ongeveer 3000 km in teenoorgestelde rigting is as waarheen die Here hom gestuur het.

**Miskien het hy gedink dat hy soos sy naam aandui, soos ´n duif van sy roeping kon wegvlug.**

**Hoekom vlug Jona na Tarsis toe?**

- Jona vlug na Tarsis toe om vir God aan te dui dat hy nie aan hierdie sending na Nineve getrou gaan wees nie.
- Miskien wonder ons hoekom hy nie hierdie sending wou uitvoer nie.
- Ons lees God stuur Jona omdat Hy sien hoe sleg die stad is.

**In hoofstuk 3 lees ons die inhoud van die boodskap wat Jona namens God moes gaan bring: Nog veertig dae en Nineve word verwoes! God se boodskap was van die begin af een van oordeel oor Nineve en nie redding nie…**

- Ek skat op ´n eerste vlak weier Jona om na Nineve toe te gaan omdat hy bang is.
- Hierdie sending is sekerlik lewensgevaarlik.
- Hy moes tog seker al stories gehoor het van die Assiriërs se martelmetodes.
- Hy moes hom indink wat sou gebeur as hy as Jood, vyand van die mense van Nineve deur hulle stad sou stap om die oordeel van sy God oor hulle te kom uitspreek.

- Geen van die moontlike scenario´s sou vir Jona goed of veilig gelyk het nie.

Iemand skryf hierdie boek kan jy net lees met die einde in gedagte. Na Jona die oordeel oor Nineve uitgespreek het, **sien ons dat die mense van die stad berou het oor hulle sonde en onreg en tot inkeer kom.** En dat God het afgesien van die ramp wat Hy oor hulle wou bring.

Aan die einde van die boek lees ons dat Jona kwaad was oor God afgesien het van Sy oordeel oor Nineve. **Hy spreek dan in Jona 4:2 die rede uit waarom hy na Tarsis wou wegvlug: Ek het geweet U is ´n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het.**

- Waarvan Jona eintlik wegvlug, is van God se genade en van die genadige God.
- Jona glo God se genade is vir Israel bedoel.
- Net vir Israel.
- Daarom vlug hy van God se opdrag af weg.

As die matrose hom vra wat moet hulle met hom maak, antwoord Jona nie, neem my na Nineve toe nie. Dan sal die storm bedaar nie. Nee, gooi my liewer oorboord.

- Liewer selfmoord as om hierdie opdrag te gehoorsaam.
- Om in die stormsee gegooi te word, was vanselfsprekend hierdie doodsvonnis.

Ons lees dat as die storm losbars oor Jona se skip op pad na Tarsis, die matrose elkeen tot hul gode geroep het om hulp. Almal bid, behalwe Jona.

Die kaptein moet die slapende Jona kom wakker maak en vra dat hy tot sy God sal bid sodat hulle dalk behoue deur die storm kan kom.

- Almal bid in die storms, behalwe Jona.
- En kyk hierdie mense wat nie glo in die ware God nie, kyk die wêreld se gesindheid teenoor Jona.
- Hulle wil hom nie oorboord gooi nie, hulle bid dat hulle hom nie as onskuldige man sal doodmaak nie.
- Dit terwyl Jona deur die storm geslaap het en vere gevoel het vir hierdie mense se lot.
- Hulle het baie meer eerbied vir Jona as lewe as Jona vir hulle s´n.

Is dit nie hartseer dat mense soms meer genade vind buite die kerk as daarbinne nie?

En soms meer genade vind weg van God se mense as by hulle nie?

**Miskien is gebrek aan gebed die eerste groot aanduiding dat ons besig is om van God weg te dryf, of dat ons Hom by ons ideale en doelwitte wil indwing, anders stel ons nie belang in die verhouding nie**.

**En miskien is die tweede aanduider dat ons se hart en God se hart nie op dieselfde ritme klop nie, hierdie ding om soos Jona diep binne vere te voel vir wat van ander mense word.**

**<u>Hoe kom Jona by my en jou lewe uit?</u>**

Iemand skryf die storie van Jona herinner ons weer aan die grootheid van God se genade. Veral dat God se genade baie groter as joune en myne is.

- Hy red mense wat ek nie sou red as ek God was nie.
- Hy seën mense wat ek nie sou seën as ek God was nie.
- Hy gebruik mense in Sy diens wat ek nie sou gebruik het as ek God was nie.
- God gee nie op op die mense van Nineve nie.
- Hy gee ook nooit op Jona nie.
- Nie toe hy wegvlug met sy boot na Tarsis toe nie.
- Nie in die vis se maag nie.
- Nie toe hy kwaad sit onder die boom buite Nineve nie, ontsteld en kwaad oor die Here se genade vir Israel se vyande nie.
- Net so sal die Here nie vir jou en my los en laat vaar nie.

Die hele ding van Jona wat eers man van sy volk was voor hy man van God was, het my baie sterk aangespreek.

Ek wonder of ons nie ook maar soms eers volksmense is voor ons Godmense is nie.

Jona vlug in hoofstuk 1 weg van die stem van God en woord van God wat aan Hom sy roeping en identiteit gegee het. Die hart van sonde ook vir jou en my is nie eerstens die breek van een of ander stel reëls nie.

Dis om jou identiteit, wie jy ten diepste is, te gaan soek in iets los van die Here of om hierdie identeit te gaan soek op ´n ander plek of in iets anders as by Hom.

**Jona het sy identiteit gaan soek en gaan vind in sy Joodwees of Hebreërwees. Dit het ten diepste sy keuses bepaal en nie gehoorsaamheid aan die Here nie.**

Die opdrag om in Nineve te gaan preek het hierdie diepste identiteit van Jona bedreig.

Jy kan vandag jou identiteit vind in geld, in jou sukses, in jou loopbaan, in jou grade of sport.

Sodat dit eintlik eerste in jou lewe staan en jou keuses bepaal.

**Wat is Nineve vir jou en my vandag?**

- Alles wat ons uit ons gemaksones uitruk.
- Dis die plek of die mense waarnatoe God jou roep en jy wil nie gaan nie.
- Nineve is die mense wat jou diep seergemaak het en jy is klaar met hulle, maar God is nie.
- En hy roep jou terug na daardie mense toe.
- Dis die bedelaar op straat waarvoor ek nie lus is nie of daardie oom in my straat wat ek weet eensaam is na sy vrou se dood.
- Nineve is waarskynlik in ons geval nie hierdie vreemde of ver plek waarheen ons moet gaan nie.
- Nineve is baie keer oral om ons.

Tarsis is hoe ek my verantwoordelikheid teenoor God en mense ontduik.

Iemand skryf ons kan ook ons toevlug neem tot bybelstudie en gebed sodat ons nie prakties vir mense in nood hoef om te gee nie.

**<u>As jy gebed gebruik om jou liefdesverantwoordelikheid teenoor mense te ontduik, skryf Henri Nouwen, is jy nie besig om te bid nie, maar te vloek.</u>**

Ons slaap ook maar soos Jona op die boot soms hierdie diep slaap terwyl die wêreld om ons vergaan.

So asof geloof se doel net is om jou lewe beter en makliker te maak en jou te help om by die sleutels uit te kom om God se seëninge, wat gewoonlik uit fisiese goed bestaan, te ontsluit.

Ek sluit af met ons verwysing na hoe om Jesus te volg in Lukas 9: Deur jou kruis op te neem en Hom te volg.

- Iemand skryf hierdie kruis is die Nineve kruis.

- Iemand skryf: *The life of a Christian is mostly not a life of glory, but of service and it is not like living on a glittering stage,but working behind the scenes to honour God and help others.*

**Toe Jona die Nineve kruis moes opneem en gehoorsaam moes wees en die genade volg na mense waarvan hy nie gehou het nie, het hy omgedraai en weggedraai. Toe hy God moes volg op God se terme en nie sy eie nie, het hy weggevlug**.

Wat gaan ek en jy met ons Nineve kruise doen hierdie week?

Amen

**Gebed**

**Seengroet**

Die HERE sal julle seën en julle beskerm;
Die HERE sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
Die HERE sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.
Amen